VRYWARING

1. Toegang tot die perseel, die gebruik van alle fasiliteite en deelname aan alle aktiwiteite daarop aangebied deur **Opikopi Plaas Partytjies**, geskied op eie risiko.

2. Nóg die eienaar van die perseel, nóg die operateur van die besigheid en aktiwiteite daarop aangebied of hul werknemers, agente of diegene tydelik in hul diens, sal verantwoordelik wees vir enige skade, verlies en/of beserings opgedoen uit hoofde van sodanige betreding van die perseel of deelname aan die aktiwiteite en vrywaar ek hiermee die eienaar van die perseel, die operateur van die bedrywighede daarop geleë en alle werknemers in hul diens, agente en/of tydelike werkers teen enige aanspreeklikheid vir verlies of skade, van watter aard ookal.

3. Ek bevestig voorts dat ek my vergewis het van die aard van die aktiwiteite en bedrywighede aangebied deur die operateur en dat ek met my / my kind se deelname daaraan, bevestig dat ek / my kind oor die nodige fisiese eienskappe beskik om aan sodanige aktiwiteite deel te neem en voorts dat ek tevrede is dat voldoende veiligheidsmaatreëls in plek is. Die operateur sal nie verantwoordelik wees vir enige verlies, skade of beserings opgedoen waar veiligheidsmaatreëls verontagsaam word nie.

4. Waar ek hierdie Vrywaring onderteken namens ‘n minderjarige kind, bevestig ek hiermee dat ek die wettige voog is en by magte is om hierdie Vrywaring namens die minderjarige te onderteken.

BESONDERHEDE VAN KIND

Volle naam en van: _____

Geboortedatum: _____

OUER / VOOG

Volle naam en van: _____

Adres: _____

_____

_____

Handtekening: _____

Datum: ____/____/____

Telefoonnommer: _____

Email adres: _____